MUSIEK

# Koos, Koos en Casper bied nuwe luistergenot

## Kombuis se 14de album opgedra aan David Kramer

**Mariana Malan**

***Droom Martha Droom* – Koos van der Merwe**

Die titel van 'n album is net so belangrik soos die eerste lied. Daar lê waarskynlik baie wik en weeg in wat gaan aandag trek nog voordat 'n mens na 'n album geluister het.

Hoewel baie mense 'n album van Koos van der Merwe sal koop, al sing hy kleuterliedjies, tref die titel van sy jongste album *Droom Martha Droom* die oog. Die eerste lied "Hart van Afrikaans" is eweneens 'n wip wat jou vashou sodat jy eenvoudig verder moet luister.

Nie lank gelede nie het Van der Merwe jou verstom met sy nommerpas-vertalings van Leonard Cohen en Bob Dylan se lirieke in Afrikaans.

Vier van die liedjies op die album kom van daardie albums, maar die res is sy eie digkuns, sy eie musiek en sy eiesoortige vertolkings van liedjies wat tot die hart spreek.

Die een oomblik wil emosie jou oorweldig oor hoe presies hy woorde van liefde en die lewe kan vasvat. Dan volg hy dit op met die stouterige en humoristiese lied "Katoen" oor die oorbodigheid van die lap tussen vel en vel.

Die dansritmes wissel van




tango tot 'n wals of twee, daar is blues, Gert Vlok Nel wat help sing aan "Op die hoek van 1998 en Derde Straat", Anna Davel en klavier wat bydra tot die skoonheid in "Steek aan die kerse" en die musiek van mondfluitjie, viool, klavier, trekklavier, kitaar en musiekverwerkings wat 'n welluidende, vol en ryk klank verskaf.

Die laaste lied – "Tevredenheid" – is heel gepas die gevoel wat die album by jou laat.

■ **Van der Merwe tree op 16 Junie in die Bordienghuis in Wellington op. Hierna is hy op 17 Junie by Rust en Vrede in Stellenbosch en op 18 Junie is hy in Die Boer (021 979 1911) in Durbanville. Op hierdie geleenthede word sy nuwe digbundel Nagverse ook bekend gestel. Navrae kan gerig word aan yolandi@koosvandermerwe.co.za.**




***Langpad na lekkersing* – Koos Kombuis**

"Waantoe gaan ons nou?", die eerste lied op Koos Kombuis se nuwe album, laat jou dink aan 'n kerklied wat iewers by die derde vers vra "Heer, waar dan heen? Tot U alleen!". 'n Kort draf deur Suid-Afrika se geskiedenis tot by die hier en nou en die vraag: Wat nou gedaan?

*Langpad na lekkersing* is Koos Kombuis se 14de album en is opgedra aan die musieklegende David Kramer. Kramer sing saam op "Ek wil net huis toe gaan".

Die album wemel van nostalgie, herinneringe aan tye en dinge wat hy besing, maar waarby vele aanklank sal vind.

Veral die lied "Alleen" met minimale begeleiding, laat jou dink aan die toestand *ectopia*




*cordis* waar die hart buite die liggaam klop.

Hier en daar blom bitterheid, maskers word afgehaal en 'n mes word in 'n wond gedraai. Huis, berusting, eensaamheid, nostalgie en waarheid sonder doekies omdraai en al die dinge waaraan elkeen ouer as 60 dink, kom ter sprake.

Die res wat nog nie daar is nie, kan ook maar luister, veral na die lied "Wag hier tot die son opkom".

Ja, daar is "Die trots Suid-Afrikaanse fokkol song" waarsonder 'n mens dalk sou kon glo Koos Kombuis is gemuilband of dalk net ontnugter omdat daar toe nie 'n pot goud aan die eindpunt van die reënboog is nie.

***Saam* – Casper Ace**

Daar word soms ligtelik gespot met iemand wat so diplomaties is dat hy iemand kan hel toe stuur en die persoon dan daarna sal uitsien om te gaan.

Casper Ace kry dit reg om ernstige vrae te vra en maatskaplike en omgewingskwessies aan te pak op die maat van polsende musiek wat jou laat lus kry om jou hare los te skud en jou lyf aan die ritme oor te gee. 'n Goeie voorbeeld is die lied "Dans".

Die koperblasers se rol op die album verdien vermelding, so ook die viool wat folkerig saamsing in die lied "Hartomkeer".

"Draalnoot" is geïnspireer deur Henry Jack Cloete se roman *Draalnoot vir 'n janfiskaal*. Hier is 'n goeie voorbeeld van kruisbestuiwing tussen verskillende kunsvorme.

Ace vertel stories waarna 'n mens kan luister, maar die meeste van hulle is baie lank. Soms kry 'n mens lus om na die volgende lied te "spring". Maar wie is 'n kriewelrige luisteraar om by 'n ander man se storie in te meng?

Ace het voor sy sololoopbaan saam met onder andere Valiant Swart en Koos Kombuis opgetree en hy was ook vir 'n jaar lank by die komponis Pierre-Henri Wicomb se jazzgroep, Die Wilde Olywe, betrokke. Hy werk reeds aan sy tweede album.



**Decoda, 'n New Yorkse ensemble, bied in Junie interaktiewe uitvoerings en kreatiewe werksessies in Suid-Afrika aan.**

## Decoda kom inspireer met kamermusiek

**Elretha Britz**

Decoda, 'n kamermusiekgroep van New York, gaan van 11 Junie soos 'n vars bries deur die Suid-Afrikaanse musieklandskap waai.

Dié ensemble, wat by Carnegie Hall geaffilieer is, bied uitvoerings op 'n kreatiewe en interaktiewe wyse wat by verskeie soorte gehore aanklank vind.

Dit het Decoda bewys met aanbiedings en optredes in Brittanje, Duitsland, Abu Dhabi, Ysland, Japan, Hongkong, Indië, Mexiko en Amerika.

Een van die ensemble se projekte, Musiek vir Transformasie, bemagtig kwesbare gemeenskappe deur hulle te leer om liedjies te skryf.

Die groep het ook sukses behaal met aanbiedings in tronke, waaroor CNN, The Huffington Post, Associated Press en ander hoofstroommedia berig het.

"Ons interaktiewe werksessies bied aan veral jong mense die geleentheid om die genot van kamermusiek te ontdek en dit is waarmee ons hulle wil inspireer."

Decoda se toerprogram is soos volg:

11 Junie: Miagi-musieksentrum, Soweto;

12 Junie: Werksessies saam met die Johannesburgse Jeugorkes;

13 Junie: Uitvoering, Etienne Rousseau-teater in Sasolburg;

14 en 15 Junie: Uitvoering met die Johannesburgse Filharmoniese Orkes, Linder-ouditorium;

17 Junie: Interaktiewe uitvoering, Durban-musiekskool;

18 Junie: Konsert, Tathamkunsgalery in Pietermaritzburg;

22 Junie: Uitvoering met die KwaZulu-Natalse Filharmoniese Orkes, Playhouse-teater;

24 Junie: Uitvoering, Endler in Stellenbosch;

24-28 Junie: Decoda-Instituut, Universiteit Stellenbosch;

28 Junie: Gemeenskapskonsert, Khayelitsha;

28 Junie: Kreatiewe uitvoering, Youngblood-galery, Kaapstad; en

29 Junie: Hugo Lambrechts, Parow.

Besoek ook http://bit.ly/2rXEPo8 vir meer inligting.